Navorsingsbevinding M-N-90 1982

# Verkenningstudie van die arbeidsituasie in KwaNdebele: Augustus 1980

J.H. Ehlers

001.3072068 HSRC
MN 90

RGN·HSRC

BIBLIOTEEK
LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

RGN·HSRC

0581.20/18

Verkennin
KwaNdeb

RGN·HSRC
RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1984 -09- | | | |
| 1986 -01- -2 | | | |
| 0 6 [illegible] | | | |
| 1989 -07- -7 | | | |

0000299933

001.3072068 HSRC MN 90
*029993*

Navorsingsbevinding M-N-90

# Verkenningstudie van die arbeidsituasie in KwaNdebele: Augustus 1980

J.H. Ehlers

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1982

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
1983-01-03
STANDKODE
001.3072068
HSRC MN 90
BESTELNOMMER
G
REGISTERNOMMER
058120
8

J.H. Ehlers, B.Com., (Hons.) Seniornavorser

Instituut vir Mannekragnavorsing

Direkteur: S.S. Terblanche

ISBN 0 86965 969 3

Prys: R6,45
(AVB ingesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1982
Alle regte voorbehou

Gedruk deur: Kitskopié

INHOUD


| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Agtergrond en doelstelling | 1 |
| 1.2 | Navorsingsontwerp | 4 |
| 1.3 | Opset van verslag | 5 |
| 2 | ALGEMENE BESKRYWING VAN ONDERSOEKGROEP | 6 |
| 2.1 | Samestelling van huishouding | 6 |
| 2.2 | Herkoms van huisgesin | 8 |
| 2.3 | Onderwyspeil van ondersoekgroep | 12 |
| 2.4 | Huisvesting | 14 |
| 2.5 | Beoefening van boerderyaktiwiteite | 20 |
| 3 | ARBEIDSITUASIE | 26 |
| 3.1 | Inleiding | 26 |
| 3.2 | Beroepsbeoefening | 28 |
| 3.3 | Situasie van die werklose in KwaNdebele | 32 |
| 3.4 | Houding teenoor laevlakarbeid | 43 |
| 4 | SAMEVATTING | 55 |
| 4.1 | Inleiding en navorsingsopset | 55 |
| 4.2 | Bevolkingsgrootte en samestelling | 55 |
| 4.3 | Boerderyaktiwiteite | 55 |
| 4.4 | Arbeidsituasie | 56 |
| 4.5 | Slotopmerkings | 57 |
| | BYLAE | 59 |
| | BRONNELYS | 64 |

# 1 INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

In 1961 het die Verenigde Nasies (VN) die eerste van sy ontwikkelingsdekades van stapel gestuur met die vertroue dat ekonomiese groei die doeltreffendste metode in die bekamping van twee van die grootste vraagstukke van die derde wêreld, naamlik werkloosheid en armoede, sou wees. Alhoewel baie van die lande relatief hoë groeikoerse in terme van toename in hul BBP's ondervind het, het die twee probleme egter nie verminder nie. Die besonder hoë bevolkingsaanwas in dié lande (tussen 2 en 3 % in die meeste Afrikastate) en die afhanklikheidslas wat dit meebring, is duidelik een van die bydraende redes vir die ontstaan en voortbestaan van die probleem, maar dit is ook duidelik dat die gewone voordele van ekonomiese ontwikkeling nie die groter deel van die bevolking bereik nie; rykes word ryker en armes armer. Van Wyk (1981, p. 87) noem die eerste VN-ontwikkelingsdekade 'n dekade van frustrasie. Die besef dat gewone ekonomiese groei nie sinoniem met ekonomiese en sosiale ontwikkeling is nie, is in die tweede ontwikkelingsdekade vasgelê. In die literatuur oor ekonomiese ontwikkeling en by ontwikkelingsagentskappe soos die Employment and Development Department van die ILO, die Wêreldbank, ensovoorts, het die tema van 'n basiese-behoeftebenadering tot ontwikkeling al meer kop begin uitsteek. In 1979 sê die Direkteur-generaal van die ILO van die basiese-behoeftebenadering (soos aangehaal uit Ligthelm, p. 313): "The basic needs approach is not an alternative to the strategy of growth but represents the introduction of a new variable into the general equation of development. It is not a collection of non-productive social assistance measures, which some people have called charity, but an instrument of growth, an instrument to create economic infrastructures and, accordingly, employment."

Met "employment" word hier werk bedoel wat 'n leefbare inkomste lewer, want studies van die ILO se World Employment Programme het getoon dat baie van die sogenaamde werkloses in die derde wêreld baie hard werk, maar net min daardeur verdien. Die basiese behoeftes van die mens sluit 'n sekere hoeveelheid voedsel en kleding, 'n vorm van behuising, sanitasie, skoon water, onderwys, gesondheidsdienste, kulturele en psigiese behoeftes in. Skrywers soos Lisk is ook duidelik van mening dat die basiese-behoeftebenadering slegs tot ontwikkeling aanleiding sal gee as dit die breë ondersteuning en deelname van die publiek het: "The raison d'être of broadbased participation in

basic needs-oriented development planning stems largely from the belief that mass involvement in the development-process is an effective means of mobilising and channelling available, and often underutilised local recources in the production of needs satisfying goods and services for the benefit of the vast majority of a country's population" (Lisk 1981, p. 4).

Die rol wat 'n baie meer vereenvoudigde tegnologie in ontwikkeling (gerig op die basiese-behoeftebenadering) het, het ook gaandeweg meer aandag begin geniet en die konsep van toepaslike tegnologie (appropriate technology) het aanleiding tot baie publikasies gegee (vgl. Singer, H. *Technologies for Basic Needs.* Geneva: ILO, 1977). 'n Ander aspek van ekonomiese ontwikkeling wat aandag begin geniet het, is die funksionering van die sogenaamde informele sektor van die ekonomie. Die rol van dié sektor in ekonomiese groei is reeds taamlik nagevors, onder andere deur die International Labour Office (Genève), BENSO en verskeie universiteite en dit is duidelik dat die sektor op verskeie maniere 'n rol in ekonomiese groei te speel het.

Die nasionale sowel as die onafhanklike Swart state binne die oorspronklike grense van die RSA, deel al die probleme van die derde wêreld met dié verskil dat hulle in noue kontak met 'n gesofistikeerde ekonomie verkeer. Dit is egter reeds duidelik dat die groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie nie die probleme van nasionale state (armoede en werkloosheid) kan oplos nie. In 'n studie van IMAN (Terblanche 1981) word byvoorbeeld getoon dat die werkloosheidsyfer met ongeveer 100 000 per jaar sal toeneem ten spyte van 'n 4,5 % groei in die BBP (1978 - 1987) wat volgens die jongste EOP waarskynlik die hoogste langtermyngroeikoers is wat behaal sal kan word.

In die ontwikkeling van die state sal daar dus noodwendig ook na ander metodes en benaderinge gekyk moet word.

In die verlede het IMAN verskeie versoeke van die Komitee insake Ontwikkelingsnavorsing (KION), wat breedweg op een of ander ontwikkelingsaspek gerig was, ontvang. Eerder as om hierdie versoeke op ad hoc-basis te hanteer is besluit om die verskillende navorsingsversoeke in 'n enkele navorsingsprogram te konsolideer en die navorsing in slegs enkele gebiede te konsentreer.

In die navorsing is kennis geneem van verskillende aspekte van die basiese-behoeftebenadering en die konsepte wat daarmee saamgaan, naamlik toepaslike tegnologie, en die funksie van die informele sektor en die bevolking se deelname.

Na samesprekings met die Departement van Samewerking en Ontwikkeling is besluit dat die KwaNdebele-gebied hom goed vir sodanige navorsing sou leen omdat die gebied na aan groot metropolitaanse gebiede, waar heelwat werkgeleenthede voorkom, geleë is. Die uitwerking van die dualisme in die Suid-Afrikaanse ekonomie op 'n nasionale staat en sy bevolking se houding, behoort dus duidelik te wees. KwaNdebele is 'n klein geografiese gebied wat maklik navorsingsmatig hanteerbaar behoort te wees. Die gebied ondervind 'n vinnige toename in bevolking en daar is 'n verskeidenheid van woongebiede. Tradisionele tipes huise, skematipes en plakkershutte kom voor.

Voordat aan spesifieke aspekte van ontwikkeling aandag gegee kan word, is dit nodig dat sekere basiese inligting oor die bevolking en die gebied aan die beplanner bekend sal wees. Wat is die grootte van die gemiddelde gesin en hoe is dit saamgestel? Hoeveel kinders gaan skool en in watter standerd is hulle? Wat is die opvoedingspeil van hul ouers? Wat is die omvang van werkloosheid? Onder watter omstandighede werk die werkers en wat is die gemiddelde verwagte lone? Sonder hierdie basiese inligting kan geen ontwikkelingsbeplanning gedoen word nie. Die doel met hierdie studie is om hierdie basiese inligting in te samel. Aandag word ook gegee aan enkele aspekte wat nou saamhang met die basiese-behoeftebenadering. Die aspekte is

(a) die omvang van landbou- en tuinboubedrywighede en die tegnologie wat gebruik word;

(b) die gewilligheid tot deelname aan infrastruktuurskepping deur 'n arbeidsintensiewe tegnologie, en

(c) die deelname aan die informele sektor.

## 1.2 NAVORSINGSONTWERP

### 1.2.1 *Steekproef*

KwaNdebele is vir die doeleindes van die ondersoek in 16 gebiede verdeel. In elke gebied is die getal huishoudings bepaal aan die hand van inligting wat verkry is van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling sowel as die gebiedsowerheid van KwaNdebele. In die heel nuwe woongebiede wat hoofsaaklik aan die suidpunt van KwaNdebele geleë is, is die wooneenhede fisies getel aangesien geen inligting oor hierdie gebiede beskikbaar was nie.

Ten tyde van die opname is vasgestel dat daar in die 16 gebiede sowat 30 000 wooneenhede was. Om die opname binne die beskikbare begroting te hou, is besluit om 'n steekproef van 600 wooneenhede te betrek. Die gebiede wat by die opname betrek is, sluit beplande dorpe, uitgemete nedersettings en tradisionele dele in. 'n Lys van gebiede waarin die opname gedoen is, word in tabel 1.1 getoon met die benaderde getal huishoudings in elke woongebied. Tabel 1.1 toon ook die getal wooneenhede in die verskillende gebiede wat by die opname betrek is. Die tabel toon dat 573 eenhede uiteindelik in die steekproef betrek is en dat die verdeling van die steekproef baie goed ooreenstem met dié van die universum. Die gekose wooneenhede in 'n woongebied is oor die hele woongebied versprei. Die trek van 'n verteenwoordigende steekproef in die tradisionele dele waar die wooneenhede baie ongeorden is, het soms probleme opgelewer.

### 1.2.2 *Vraelys en onderhoude*

Die benodigde inligting is gedurende Augustus en September 1980 met behulp van gestruktureerde onderhoude aan die hand van 'n vraelys (kyk bylae) deur vier opgeleide voltydse Swart veldwerkers ingesamel. Die onderhoude is gevoer met 'n senior lid van die huishouding wat inligting verskaf het oor die gesinsamestelling, ouderdomme en onderwyspeil van die lede van die huishouding, verhuising na KwaNdebele, verbouing van landbougewasse, asook ander basiese inligting oor die werkende lede van die huishouding. Afsonderlike onderhoude is met die werklose lede van die huishouding gevoer.

TABEL 1.1

GETAL HUISHOUDINGS IN VERSKILLENDE WOONGEBIEDE

| Woongebied | | Getal wooneenhede per woongebied | | Getal vraelyste voltooi per woongebied | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % |
| 1 | Valschfontein (beplan) | 4 650 | 15,5 | 83 | 14,5 |
| 2 | Valschfontein (tradisioneel) | | | | |
| 3 | Vrieskraal | 500 | 1,7 | 7 | 1,2 |
| 4 | Weltevrede | 2 600 | 8,7 | 52 | 9,1 |
| 5 | Kameelrivier | 2 150 | 7,2 | 43 | 7,5 |
| 6 | Bloedfontein | 2 000 | 6,7 | 40 | 7,0 |
| 7 | Allemansdrift | 1 150 | 3,8 | 23 | 4,0 |
| 8 | Wolvenkraal | 1 000 | 3,3 | 20 | 3,5 |
| 9 | Waterval | 1 750 | 5,8 | 32 | 5,6 |
| 10 | Pieterskraal | 1 100 | 3,7 | 22 | 3,8 |
| 11 | Klipplaatdrift | 1 600 | 5,3 | 32 | 5,6 |
| 12 | Boekenhouthoek | 2 000 | 6,7 | 40 | 7,0 |
| 13 | Kwaggafontein | 5 000 | 16,7 | 94 | 16,4 |
| 14 | Vrischgewaagd | 1 000 | 3,3 | 17 | 3,0 |
| 15 | Vlaklaagte | 2 000 | 6,7 | 39 | 6,8 |
| 16 | Gemsbokfontein | 1 500 | 5,0 | 29 | 5,1 |
| | TOTAAL | 30 000 | 100 | 573 | 100 |

## 1.3 OPSET VAN VERSLAG

In hoofstuk 2 word 'n algemene beskrywing van die ondersoekgroep gegee. Onderwerpe wat hier ter sprake kom, is die samestelling van die gesinne, ouderdomme, onderwyspeile en ekonomiese bedrywigheid van die bevolking. Behuising en die beoefening van boerderyaktiwiteite word ook in hierdie hoofstuk behandel.

In hoofstuk 3 word aandag gegee aan die arbeidsituasie van die ondersoekgroep, met spesiale aandag aan die nie-werkendes.

Hoofstuk 4 bied 'n samevatting en enkele gevolgtrekkings en aanbevelings.

# HOOFSTUK 2
## ALGEMENE BESKRYWING VAN ONDERSOEKGROEP

Soos reeds genoem, is die ondersoekgroep so verteenwoordigend moontlik uit die hele gebied gekies. Vraelyste is in sestien woongebiede voltooi wat beplande, onbeplande en tradisionele gebiede insluit. Die 573 vraelyste, wat ook soveel huishoudings verteenwoordig, het inligting oor 3 807 indiwidue gelewer wat neerkom op 'n gemiddelde van 6,6 lede per huishouding. Hierdie lede is nie noodwendig almal gesinslede nie. Sommige is verlangs familie, soos neefs en niggies, terwyl daar ook enkele loseerders was.

Tabel 2.1* verskaf 'n verdeling van ouderdomme en geslagte van die ondersoekgroep. Volgens die inligting vorm die ouderdomsgroep onder 19 jaar 50 % van die bevolking. Dié toedrag van sake veroorsaak dat elke ekonomies bedrywige lid van die bevolking 'n hele aantal nie-ekonomies bedrywige lede moet onderhou. Verder plaas die groot aantal skoolgaande jeugdiges groot druk op die bestaande skoolfasiliteite en ander dienste wat in die beginstadium van ontwikkeling staan en gevolglik onvoldoende is.

Die geslagte is min of meer gelykop verdeel. Die verkryging van die regte ouderdomme van die gesinslede het soms probleme opgelewer. Veral die ouer mense het dikwels nie geweet hoe oud hulle is nie. Hierdie groep het dikwels die ouderdom van 60 as antwoord aangebied, vandaar die effens hoër persentasie van die groep tussen 60 - 64 jaar. Die totale in die persentasiekolom tel soms as gevolg van afronding nie presies na 100 op nie.

### 2.1 SAMESTELLING VAN HUISHOUDING

Tabel 2.2 gee 'n aanduiding van die gesinsamestelling. 'n Onderskeid is getref tussen manlike en vroulike gesinshoofde. 'n Redelike getal (9,4 %) gesinshoofde is vroue. Hierdie vroue is gewoonlik weduwees. Dit gebeur dat selfs wanneer van die seuns in die huis alreeds mondig en getroud is, die vrou nog altyd waarneem as die hoof van die gesin. Aan die ander kant bly die man die hoof van die gesin al kom hy selde tuis en die vrou neem onder hierdie omstandighede min onafhanklike besluite.

---

*Sommige van die totale in die tabelle verskil. Dié verskille is te wyte aan vrae wat nie beantwoord is nie.

TABEL 2.1

OUDERDOM EN GESLAGSVERDELING VAN ONDERSOEKGROEP

| Ouderdom | | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Mans | | Vroue | | | |
| | | N | % | N | % | N | % |
| 0 - 4 | N | 169 | 9,0 | 179 | 9,3 | 348 | 9,1 |
| | % | 48,6 | | 51,4 | | | |
| 5 - 9 | N | 272 | 14,4 | 244 | 12,7 | 516 | 13,6 |
| | % | 52,7 | | 47,3 | | | |
| 10 - 14 | N | 249 | 13,2 | 260 | 13,6 | 509 | 13,4 |
| | % | 48,9 | | 51,1 | | | |
| 15 - 19 | N | 238 | 12,6 | 260 | 13,6 | 498 | 13,1 |
| | % | 47,8 | | 52,2 | | | |
| 20 - 24 | N | 204 | 10,8 | 228 | 11,9 | 432 | 11,3 |
| | % | 47,2 | | 52,8 | | | |
| 25 - 29 | N | 167 | 8,9 | 174 | 9,1 | 341 | 9,0 |
| | % | 49,0 | | 51,0 | | | |
| 30 - 34 | N | 118 | 6,2 | 132 | 6,9 | 250 | 6,6 |
| | % | 47,2 | | 52,8 | | | |
| 35 - 39 | N | 109 | 5,8 | 94 | 4,9 | 203 | 5,3 |
| | % | 53,7 | | 46,3 | | | |
| 40 - 44 | N | 91 | 4,8 | 86 | 4,5 | 177 | 4,6 |
| | % | 51,4 | | 48,6 | | | |
| 45 - 49 | N | 79 | 4,2 | 54 | 2,8 | 133 | 3,5 |
| | % | 59,4 | | 40,6 | | | |
| 50 - 54 | N | 52 | 2,8 | 57 | 3,0 | 109 | 2,9 |
| | % | 47,7 | | 52,3 | | | |
| 55 - 59 | N | 31 | 1,6 | 32 | 1,7 | 63 | 1,7 |
| | % | 49,2 | | 50,8 | | | |
| 60 - 64 | N | 53 | 2,8 | 72 | 3,8 | 125 | 3,3 |
| | % | 42,4 | | 57,6 | | | |
| 65 + | N | 56 | 3,0 | 47 | 2,5 | 103 | 2,7 |
| | % | 54,4 | | 45,6 | | | |
| TOTAAL | N | 1 888 | 100 | 1 919 | 100 | 3 807 | |
| | % | 49,6 | | 50,4 | | | 100 |

TABEL 2.2

SAMESTELLING VAN HUISHOUDING

| Geslag | Gesinslede | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hoof | | Vrou | | Kinders | | Familie | | Nie-familie | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Mans | 522 | 90,6 | | | 1 184 | 51,0 | 208 | 42,8 | 2 | 66,7 | 1 916 | 49,7 |
| Vroue | 54 | 9,4 | 472 | 100,0 | 1 137 | 49,0 | 278 | 57,2 | 1 | 33,3 | 1 942 | 50,3 |
| TOTAAL N | 576 | 100 | 472 | 100 | 2 321 | 100 | 486 | 100 | 3 | 100 | 3 858 | |
| % | 14,9 | | 12,2 | | 60,2 | | 12,6 | | 0,1 | | | 100 |

In elke huisgesin is gemiddeld 4,4 kinders met die seuns en dogters in 'n gelyke verhouding. Die ander familie wat die broers, susters, skoonsusters, swaers, skoonseuns en -dogters of kleinkinders kan insluit, bedra byna 1 (0,85 %) per huisgesin.

In sommige huisgesinne maak hierdie familielede 'n groot deel uit van die lede in die gesin. Die ondersoek het egter getoon dat die loseerders wat nie familie van die huisgesin is nie, uiters beperk is. 'n Rede hiervoor is dat die familiebande so wyd en sterk is dat so 'n persoon normaalweg by sy eie familie 'n tuiste vind en dus nie nodig het om as vreemdeling te loseer nie.

Soos die gebruik is, woon meer as een huishouding dikwels saam op een perseel. Die persele is maklik identifiseerbaar in die beplande dele, maar in ander dele is dit nie so maklik nie. Die wonings staan soms teenmekaar of na aan mekaar of die families kan selfs in een groot woning bly. In die ondersoekgroep het 75 % van die huisgesinne alleen op een perseel gewoon (tabel 2.3). Die verskynsel dat meer as een gesin op een perseel bly, is 'n gebruik wat nog redelik algemeen in die tradisionele of meer landelike gebiede voorkom, alhoewel dit ook in 'n beperkte mate in die beplande dele voorkom.

## 2.2 HERKOMS VAN HUISGESIN

'n Onderskeid is in die vraelys getref tussen die huisgesinne wat minder as vyf jaar in KwaNdebele woon en dié wat langer as vyf jaar daar woon. Dit

TABEL 2.3

AANTAL GESINNE PER PERSEEL

| Gesinne per perseel | N | % |
|---|---|---|
| 1 | 410 | 75,1 |
| 2 | 87 | 15,9 |
| 3 | 27 | 5,0 |
| 4 | 16 | 2,9 |
| 5 | 3 | 0,5 |
| 6 | 1 | 0,2 |
| 7 | 1 | 0,2 |
| 8 | 1 | 0,2 |
| TOTAAL | 546 | 100 |
| Ongespesifiseerd | 27 | |

is gedoen om te sien hoeveel huisgesinne in die gebied inbeweeg het in onlangse jare. Die syfers in tabel 2.4 toon dat die gebied 'n groot invloei van mense vir die laaste 6 jaar ondervind het. Die tempo van invloei was veral in die laaste twee jare geweldig hoog. 'n Kwart (26,2 %) van die mense woon een jaar en minder in KwaNdebele en 61,5 % minder as vyf jaar. Hierdie toestand plaas groot druk op die hele infrastruktuur en alle dienste soos vervoer en watervoorsiening. Onder hierdie omstandighede is beplanning feitlik 'n onbegonne taak, gevolglik onstaan groot tekorte aan verskillende dienste

Die gesinne wat vyf jaar of minder in die gebied woon, is gevra waarvandaan hulle gekom het. Die gegewens verskyn in tabel 2.5. Die instroming geskied hoofsaaklik (55,4 %) uit Blanke plattelandse gebiede. Die Blanke gebiede aangrensend aan KwaNdebele asook die nabye Oos- en Suidoos-Transvaal staan die meeste mense aan KwaNdebele af. Maatreëls wat deur die Bophuthatswana-regering in hulle gebied ingestel is, het veroorsaak dat groot getalle Ndebeles uit Bophuthatswana verhuis en hulle in KwaNdebele gevestig het. Ongeveer 8 % van die intrekkers van die afgelope vyf jaar kom uit Blanke stedelike of dorpsgebiede.

Die redes wat aangevoer word vir die verhuising na KwaNdebele is in nege groepe ingedeel (sien tabel 2.6). Persoonlike oorwegings was die heel belangrikste rede (35,8 %). Redes wat onder hierdie groep ressorteer, lui

TABEL 2.4

TYDPERK WAT GESINNE IN KWANDEBELE WOONAGTIG IS

| Tydperk | N | % |
|---|---|---|
| 1 jaar en minder | 150 | 26,2 |
| 1 - 2 jaar | 64 | 11,2 |
| 2 - 3 jaar | 51 | 8,9 |
| 3 - 4 jaar | 39 | 6,8 |
| 4 - 5 jaar | 48 | 8,4 |
| 5 - 6 jaar | 49 | 8,6 |
| 6 - 10 jaar | 93 | 16,3 |
| 11 - 20 jaar | 62 | 10,8 |
| 21 - 30 jaar | 11 | 1,9 |
| 31 jaar en meer | 5 | 0,9 |
| TOTAAL | 572 | 100 |

TABEL 2.5

PLEK WAARVANDAAN GESIN VERHUIS HET

| Plek waarvandaan gesin kom | N | % |
|---|---|---|
| Blanke stedelike/dorpsgebied | 29 | 8,4 |
| Blanke plattelandse gebied | 191 | 55,4 |
| Lebowa | 18 | 5,2 |
| Bophuthatswana | 100 | 29,0 |
| Ander | 7 | 2,0 |
| TOTAAL | 345 | 100 |

onder meer: "Dit is Ndebelegebied", "Ons wil by ons familie (mense) bly" en "Die plek is mooi". 'n Respondent se afkeer van 'n vorige blyplek is ook in hierdie groep geplaas.

'n Groep redes wat ook dikwels voorgekom het, was dié met 'n strekking dat respondente moeg was vir die plaaslewe. Redes wat aangevoer is, het

TABEL 2.6

REDES WAAROM GESIN BESLUIT HET OM NA KWANDEBELE TE VERHUIS

| Rede | | N | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 1e rede | 2de rede | N | % |
| Finansiële oorwegings | N | 21 | 8 | 29 | 7,9 |
| | % | 72,4 | 27,6 | 100 | |
| Beter geleenthede | N | 32 | 1 | 33 | 8,9 |
| | % | 97,0 | 3,0 | 100 | |
| Persoonlike oorwegings | N | 122 | 10 | 132 | 35,8 |
| | % | 92,4 | 7,6 | 100 | |
| Geen skole by vorige blyplek | N | 2 | 1 | 3 | 0,8 |
| | % | 66,7 | 33,3 | 100 | |
| Moeg vir plaaslewe | N | 59 | 5 | 64 | 17,3 |
| | % | 92,2 | 7,8 | 100 | |
| Sentrale regering het ons | N | 40 | | 40 | 10,8 |
| hierheen geskuif | % | 100,0 | | 100 | |
| Ander tuisland het ons | N | 27 | | 27 | 7,3 |
| verplig om te verskuif | % | 100,0 | | 100 | |
| Witmense het ons hierheen | N | 17 | | 17 | 4,6 |
| gestuur | % | 100,0 | | 100 | |
| Geen rede | N | 24 | | 24 | 6,5 |
| | % | 100,0 | | 100 | |
| TOTAAL | N | 344 | 25 | 369 | 100 |
| | % | 93,2 | 6,8 | 100 | |

gelui dat daar nie vakansietye op die plaas was nie, dat werksure op die plaas lank en werksomstandighede moeilik was of dat soveel werksmense reeds die plaas verlaat het dat die werksdruk op die oorblywendes te swaar was. Hierdie inligting moet saam met tabel 2.5 gelees word wat toon dat 55,4 %

van die nuwe intrekkers van Blanke plattelandse gebiede kom. Dit is moeilik en selfs onmoontlik vir werkers om direk uit die platteland werk te vind in die stede, terwyl werkers uit die nasionale state meer geredelik werk daar bekom. Dit kan 'n verdere rede wees vir die vloei van werkers uit die platteland na KwaNdebele. Net minder as 9 % was van mening dat die tuisland beter geleenthede bied. 'n Groot deel van hierdie persentasie het aangevoer dat werkgeleenthede beter bekombaar is of dat die tuisland naby werkgeleenthede is.

Die rede wat in 10,8 % van die gevalle aangevoer is, is dat die Regering hulle soontoe verskuif het. Wanneer dié rede deur die respondent verstrek is, is die veldwerkers versoek om verdere duidelikheid oor die saak te verkry. In sommige gevalle het geblyk dat die respondente geen amptelike kennis van die owerheid gekry het om te verhuis nie. Die werklike persentasie wat deur die Regering na KwaNdebele verskuif is, is dus laer as die benaderde 10,8 %.

Sommige inwoners het finansiële oorwegings aangevoer as rede vir hulle verhuising na KwaNdebele. In KwaNdebele is geen of feitlik geen huur betaal nie, terwyl huur buite die gebied soms hoog kan wees. As gevolg van hierdie situasie verkies sommige Ndebeles om na hulle tuisland te verhuis.

## 2.3 ONDERWYSPEIL VAN ONDERSOEKGROEP

Uit tabel 2.7 waar die onderwyspeil getoon word, blyk dat 58 % van die persone wat 20 jaar en ouer is, geen formele skoolopleiding ondergaan het nie, terwyl 11,6 % standerd ses en hoër geslaag het. Slegs 0,5 % van die ondersoekgroep beskik oor 'n matriek- of naskoolse kwalifikasie.

Vir die skoolgaande ouderdomsgroepe wat vir die doel van hierdie ondersoek op tussen 6 en 19 jaar gestel word, lyk die situasie veel anders. (In die groep 5 tot 9 jaar is 86 vyfjariges.) In hierdie ouderdomsgroep het 15 % nog geen skoolopleiding ondergaan nie en 19 % het reeds ten minste standerd ses geslaag. Die onderwyspeil van die mense in KwaNdebele is dus besig om aansienlik te verbeter. Van die kinders tussen die ouderdomme van 6 tot 19 jaar is 85 % op skool terwyl die persentasie in die groep tussen 10 en 14 jaar reeds 96 % is. 'n Totaal van 86 kinders is vyf jaar oud en gevolglik moet die getal van die groep vyf - tot negejariges afgetrek word. Vir

TABEL 2.7

ONDERWYSPEIL VAN ONDERSOEKGROEP VOLGENS OUDERDOM

| Ouderdom | | Onderwyspeil | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Geen | Sub A en B | St. 1 en 2 | St. 3 en 4 | St. 5 | St. 6 en 7 | St. 8 en 9 | St. 10 | Na-graads | N | % |
| 0 - 4 | N | 349 | | | | | | | | | 349 | 9,2 |
| | % | 100,0 | | | | | | | | | 100 | |
| 5 - 9 | N | 225 | 244 | 45 | 2 | | | | | | 516 | 13,6 |
| | % | 43,6 | 47,3 | 8,7 | 0,4 | | | | | | 100 | |
| 10 - 14 | N | 21 | 100 | 236 | 116 | 28 | 7 | | | | 508 | 13,4 |
| | % | 4,1 | 19,7 | 46,5 | 22,8 | 5,5 | 1,4 | | | | 100 | |
| 15 - 19 | N | 53 | 9 | 81 | 119 | 79 | 118 | 35 | 2 | | 496 | 13,0 |
| | % | 10,7 | 1,8 | 16,3 | 24,0 | 15,9 | 23,8 | 7,1 | 0,4 | | 100 | |
| 20 - 24 | N | 111 | 5 | 74 | 74 | 60 | 66 | 35 | 7 | | 432 | 11,4 |
| | % | 25,7 | 1,2 | 17,1 | 17,1 | 13,9 | 15,3 | 8,1 | 1,6 | | 100 | |
| 25 - 29 | N | 136 | 9 | 64 | 56 | 23 | 38 | 11 | 4 | | 341 | 9,0 |
| | % | 39,9 | 2,6 | 18,8 | 16,4 | 6,7 | 11,1 | 3,2 | 1,2 | | 100 | |
| 30 - 34 | N | 140 | 4 | 29 | 30 | 17 | 25 | 2 | 2 | 1 | 250 | 6,6 |
| | % | 56,0 | 1,6 | 11,6 | 12,0 | 6,8 | 10,0 | 0,8 | 0,8 | 0,4 | 100 | |
| 35 - 39 | N | 129 | 8 | 17 | 27 | 7 | 12 | 2 | 1 | | 203 | 5,3 |
| | % | 63,6 | 3,9 | 8,4 | 13,3 | 3,5 | 5,9 | 1,0 | 0,5 | | 100 | |
| 40 - 44 | N | 139 | 7 | 13 | 12 | 3 | 2 | | 1 | | 177 | 4,7 |
| | % | 78,5 | 4,0 | 7,3 | 6,8 | 1,7 | 1,1 | | 0,6 | | 100 | |
| 45 - 49 | N | 97 | 4 | 6 | 17 | 2 | 6 | 1 | | | 133 | 3,5 |
| | % | 72,9 | 3,0 | 4,5 | 12,8 | 1,5 | 4,5 | 0,8 | | | 100 | |
| 50 - 54 | N | 97 | 1 | 4 | 3 | 1 | 2 | 1 | | | 109 | 2,9 |
| | % | 89,0 | 0,9 | 3,7 | 2,8 | 0,9 | 1,8 | 0,9 | | | 100 | |
| 55 - 59 | N | 53 | 2 | | 3 | 1 | 2 | 1 | | | 62 | 1,6 |
| | % | 85,5 | 3,2 | | 4,8 | 1,6 | 3,2 | 1,6 | | | 100 | |
| 60 - 64 | N | 119 | 2 | 2 | 1 | | | | 1 | | 125 | 3,3 |
| | % | 95,2 | 1,6 | 1,6 | 0,8 | | | | 0,8 | | 100 | |
| 65 + | N | 98 | | 3 | | | 2 | | | | 103 | 2,7 |
| | % | 95,2 | | 2,9 | | | 1,9 | | | | 100 | |
| TOTAAL | N | 1 767 | 395 | 574 | 460 | 221 | 280 | 88 | 18 | 1 | 3 804 | |
| | % | 46,5 | 10,4 | 15,1 | 12,1 | 5,8 | 7,4 | 2,3 | 0,5 | 0,0 | | 100 |

praktiese doeleindes gaan alle kinders in dié ouderdomsgroep skool. Slegs 5 % van alle kinders in die skoolgaande ouderdomsgroep 6 tot 9 jaar woon nie skool by nie.

Die onderwyspeil van die manlike en vroulike gesinshoofde kom in tabel 2.8(a) en (b) onderskeidelik voor.

Oor die algemeen is die mans se onderwyspeil beter as dié van die vroue. Van die mans het 70 % geen skoolonderrig ondergaan nie, terwyl dit in die geval van die vroue 80 % is.

## 2.4 HUISVESTING

Die gehalte van die huisvesting in die gebied wissel van goedgeboude baksteenwonings tot hutte gemaak van sinkplate, planke, pale of enige ander materiaal wat as skuiling kan dien. Na aanleiding van die konstruksie van die wonings kan hoofsaaklik drie groepe geïdentifiseer word.

Die meerderheid, naamlik 269 (48,8 %) uit 'n totaal van 551 huise, kan beskou word as die tradisionele tipe wat hoofsaaklik van klei- en roustene gemaak is. Dié konstruksiemetode kan as die goedkoopste beskou word aangesien die materiaal van die mure niks kos nie. Dit is opvallend om te sien hoeveel huiseienaars besig is om hulle wonings te verbeter. Die maak van die roustene is 'n algemene gesig in KwaNdebele. Modderklei word ook tussen latte in gemessel om die mure van die huise te vorm.

In sekere beplande en ontwikkelde gebiede kom goedgeboude baksteenhuise voor. Huise wat hoofsaaklik van bakstene gebou is, vorm die tweede groep. Die meerderheid van hierdie huise kom in die sentrale, beplande woongebiede voor soos die Siyabuswa-/Valschfonteinarea en vorm 24,3 % (134) van die wonings.

Huise wat in die derde groep val, is die tipe wat hoofsaaklik deur nuwe intrekkers opgerig word en het 26,8 % van alle wonings tydens die opname gevorm. Hierdie manier van huisvesting kom algemeen voor in die suidelike deel van KwaNdebele waar die nuwe intrekkers hulself vestig. Enige materiaal wat aangewend kan word om 'n skuiling te bou word gebruik, soos sinkplate,

TABEL 2.8(a)

ONDERWYSPEIL VAN GESINSHOOFDE: MANS

| Ouderdom | | Onderwyspeil | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Geen | Sub A en B | St. 1 en 2 | St. 3 en 4 | St. 5 | St. 6 en 7 | St. 8 en 9 | St. 10 | Na-graads | N | % |
| 15 - 19 | N | 1 | | 1 | | | | | | | 2 | 0,4 |
| | % | 50,0 | | 50,0 | | | | | | | 100 | |
| 20 - 24 | N | 4 | | | 1 | 2 | | 1 | | | 8 | 1,6 |
| | % | 50,0 | | | 12,5 | 25,0 | | 12,5 | | | 100 | |
| 25 - 29 | N | 11 | 1 | 7 | 10 | 3 | 3 | 2 | 1 | | 38 | 7,6 |
| | % | 29,0 | 2,6 | 18,4 | 26,3 | 7,9 | 7,9 | 5,3 | 2,6 | | 100 | |
| 30 - 34 | N | 27 | 1 | 8 | 9 | 4 | 7 | | 1 | 1 | 58 | 11,6 |
| | % | 46,6 | 1,7 | 13,8 | 15,3 | 6,9 | 12,1 | | 1,7 | 1,7 | 100 | |
| 35 - 39 | N | 53 | 3 | 4 | 9 | 2 | 5 | 1 | 1 | | 78 | 15,6 |
| | % | 68,0 | 3,9 | 5,1 | 11,5 | 2,6 | 6,4 | 1,3 | 1,3 | | 100 | |
| 40 - 44 | N | 57 | 2 | 7 | 7 | 2 | | | 1 | | 76 | 15,2 |
| | % | 75,0 | 2,6 | 9,2 | 9,2 | 2,6 | | | 1,3 | | 100 | |
| 45 - 49 | N | 55 | | 3 | 10 | 2 | 3 | 1 | | | 74 | 14,8 |
| | % | 74,3 | | 4,1 | 13,5 | 2,7 | 4,1 | 1,4 | | | 100 | |
| 50 - 54 | N | 36 | 1 | 3 | 3 | | 1 | 1 | | | 45 | 9,0 |
| | % | 80,0 | 2,2 | 6,7 | 6,7 | | 2,2 | 2,2 | | | 100 | |
| 55 - 59 | N | 26 | | | 2 | | 1 | 1 | | | 30 | 6,0 |
| | % | 86,7 | | | 6,7 | | 3,3 | 3,3 | | | 100 | |
| 60 - 64 | N | 44 | 2 | | | | | | 1 | | 47 | 9,4 |
| | % | 93,6 | 4,3 | | | | | | 2,1 | | 100 | |
| 65 + | N | 40 | | 3 | | | 2 | | | | 45 | 9,0 |
| | % | 88,9 | | 6,7 | | | 4,4 | | | | 100 | |
| TOTAAL | N | 354 | 10 | 36 | 51 | 15 | 22 | 7 | 5 | 1 | 501 | |
| | % | 70,7 | 2,0 | 7,2 | 10,2 | 3,0 | 4,4 | 1,4 | 1,0 | 0,2 | | 100 |

TABEL 2.8(b)

ONDERWYSPEIL VAN GESINSHOOFDE: VROUE

| Ouderdom | | Onderwyspeil | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Geen | Sub. A en B | St. 1 en 2 | St. 3 en 4 | St. 6 en 7 | St. 8 en 9 | N | % |
| 20 - 24 | N | | | 1 | | | 1 | 2 | 3,9 |
| | % | | | 50,0 | | | 50,0 | 100 | |
| 25 - 29 | N | 1 | | | | | | 1 | 1,9 |
| | % | 100,0 | | | | | | 100 | |
| 30 - 34 | N | 2 | | | | 1 | 1 | 4 | 7,7 |
| | % | 50,0 | | | | 25,0 | 25,0 | 100 | |
| 35 - 39 | N | 3 | | 1 | | | | 4 | 7,7 |
| | % | 75,0 | | 25,0 | | | | 100 | |
| 40 - 44 | N | 4 | 1 | | | | | 5 | 9,6 |
| | % | 80,0 | 20,0 | | | | | 100 | |
| 45 - 49 | N | 5 | 1 | | 2 | | | 8 | 15,4 |
| | % | 62,5 | 12,5 | | 25,0 | | | 100 | |
| 50 - 54 | N | 9 | | | | | | 9 | 17,3 |
| | % | 100,0 | | | | | | 100 | |
| 55 - 59 | N | 1 | | | | 1 | | 2 | 3,9 |
| | % | 50,0 | | | | 50,0 | | 100 | |
| 60 - 64 | N | 13 | | | | | | 13 | 25,0 |
| | % | 100,0 | | | | | | 100 | |
| 65 + | N | 4 | | | | | | 4 | 7,7 |
| | % | 100,0 | | | | | | 100 | |
| TOTAAL | N | 42 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 52 | |
| | % | 80,8 | 3,9 | 3,9 | 3,9 | 3,9 | 3,9 | | 100 |

houtplanke en pale. Hierdie huisvesting moet as 'n tussenstadium beskou word aangesien die inwoners net daarin woon tot tyd en wyl 'n meer permanente konstruksie gebou kan word.

Die wonings is oor die algemeen klein, veral as in aanmerking geneem word dat die gemiddelde getal lede per gesin 6,6 (paragraaf 2) is. Byna 57 % van die huise het drie of minder vertrekke en net meer as 20 % het vyf of meer vertrekke (tabel 2.9)

TABEL 2.9
GETAL VERTREKKE PER HUIS

| Getal vertrekke | N | % |
|---|---|---|
| 1 | 72 | 13,1 |
| 2 | 105 | 19,1 |
| 3 | 136 | 24,7 |
| 4 | 124 | 22,5 |
| 5 en meer | 114 | 20,7 |
| TOTAAL | 551 | 100 |

TABEL 2.10

KENNIS WAAROOR INWONERS BESKIK TEN OPSIGTE VAN SKEMAHUISIES MET 'N SONVERWARMER

| Kennis | Getal respondente | |
|---|---|---|
| | N | % |
| Weet niks daarvan nie | 410 | 73,5 |
| Het nog net daarvan gehoor | 40 | 7,2 |
| Het dit al gesien | 102 | 18,3 |
| Woon in een | 6 | 1,1 |
| TOTAAL | 558 | 100 |

'n Behuisingskema wat vermelding verdien, is die een by Valschfontein (Siyabuswa). Volgens die skema word 'n twee- of drievertrekhuis met 'n opwashoek (opwasgedeelte) op 'n toegekampte erf gebou. Elke huis word voorsien van 'n eenvoudige maar effektiewe sonverwarmerstelsel. Hierdie huisies word dan te koop aangebied teen delgingsvoorwaardes wat so aantreklik moontlik is.

Die huisies kan as gevolg van die aangelegde water sowel as die sonverwarmer, as 'n innovasie beskou word.

Enkele vrae om die aanvaarbaarheid van die huisies met die sonverwarmers te meet is aan inwoners gevra. Die mate waarin die inwoners van KwaNdebele kennis van die skema dra, gee alreeds 'n aanduiding van die bekendheid van die skema. Groot getalle persone, veral in die suide van die gebied, het min skakeling met die noordelike deel van die gebied waar die skemahuisies geleë is en gevolglik dra hulle geen kennis van die skema nie.

Tabel 2.10 toon dan ook dat 410 (73,5 %) van die respondente geen kennis dra van die skema nie, en dat 26,6 % wisselende kennis dra van die huisies. Slegs laasgenoemde groep van 129 (26,6 %) kon hulle mening lug op die vraag of hulle dink die huisies sal lekker woon. Hierop het 66 (51 %) positief gereageer, 30 (23 %) negatief en die res het geen mening gehad nie. Tabel 2.11 gee die redes wat aangevoer is deur die respondente in meer detail.

TABEL 2.11

REDES WAAROM INWONERS REKEN DIE SKEMAHUISIES MET DIE SONVERWARMERS SAL LEKKER WOON AL DAN NIE

| Positiewe redes | Getal respondente N | % |
|---|---|---|
| Die huisies het warm water | 27 | 20,9 |
| Die huisies lyk mooi | 20 | 15,5 |
| Die huisies het water | 17 | 13,2 |
| Die huisies is gerieflik | 9 | 7,0 |
| Die huisies (huur) is goedkoop | 1 | 0,8 |
| SUBTOTAAL | 74 | 57,4 |
| Negatiewe redes | | |
| Die huisies is te klein | 22 | 17,1 |
| Die huisies (huur) is te duur | 12 | 9,3 |
| Druis in teen tradisie | 3 | 2,3 |
| | 37 | 28,7 |
| Besluitloos | 18 | 14,0 |
| TOTAAL | 129 | 100 |

Die redes kan breedweg in drie groepe geklassifiseer word. Dié wat ŉ meer positiewe houding geopenbaar het, vorm 57,4 %, dié wat negatiewe redes aangevoer het vorm 28,7 % en die besluitloses 14 % van die groep. Die rede wat die meeste aangevoer is, is dat die huisies wel warm water het (20,9 %). Baie respondente het dit goedgedink om slegs te sê dat die huisies water het. Die oorgrote meerderheid van die huise in die res van KwaNdebele het nie water binne die huis nie, gevolglik sal baie mense dit as ŉ groot bate beskou. Twee ander positiewe redes soos "Die huisies lyk mooi" en "Die huisies is gerieflik", hou albei ŉ aanvaarbaarheidselement in.

Soos van die respondente (17,1 %) gesê het, is die huisies wel baie klein. Die konstruksie van die bestaande huis is wel so dat aanbouings

redelik maklik kan geskied. Sommige eienaars het ook alreeds hulle huise netjies vergroot. Om die aanvanklike koste en dus ook aankoopprys so laag as moontlik te hou, word slegs aan die basiese behoeftes voldoen en kan die nuwe eienaar self die huis na sy behoeftes en smaak verander.

Sommige respondente (9,3 %) was van mening dat die huisies te duur is. Hierdie respons moet gesien word teen die agtergrond dat die meeste inwoners in KwaNdebele geen of feitlik geen huur betaal nie.

'n Klein persentasie (2,3 %) het gevoel dat die huisies indruis teen hulle tradisie. Vir die eg-tradisionele mense in KwaNdebele is hierdie nuwe tegnologie nog vreemd. Die aanvaarbaarheid van 'n innovasie soos hierdie sonverwarmerstelsel blyk oor die algemeen redelik hoog te wees. Daar is op die oog af geen tekens dat die aanvaarbaarheid van sulke tegnologie gedwarsboom sal word nie.

Dat die gebruik van sonkrag vir die verwarming van water en selfs die kook van kos in die nuwe sonkokers 'n aanmerklike besparing vir die inwoners van KwaNdebele kan meebring, is duidelik. Gedurende die onderhoude is respondente gevra waarmee kos gekook word (tabel 2.12) en 97 % het aangedui dat hul hout of steenkool of 'n kombinasie daarvan gebruik. Hout en steenkool moet aangekoop word en Steenekamp (1979, p.34) het bevind dat die kontantbesteding in 1979 op ongeveer R1,5 miljoen per jaar te staan gekom het.

## 2.5 BEOEFENING BOERDERYAKTIWITEITE

Landbou vorm 'n primêre aktiwiteit in Swart gebiede. In baie van die nasionale state is dit gebruiklik om aan baie inwoners 'n stukkie grond toe te ken om te bewerk. Landbou- en tuinboubedrywighede kan ook die besteebare inkomste van die mense verhoog deur middel van die beskikbaarstelling van eie voedsel. Om die omvang van landbou- en tuinboubedrywighede in KwaNdebele vas te stel is 'n aantal vrae daaroor gestel.

Die beoefening en omvang van landboubedrywighede in KwaNdebele is beperk. Slegs 22 (3,8 %) van die huisgesinne het landbougrond om te bewerk. Hierdie landbougrond is oor die algemeen ook redelik klein. Uit tabel 2.13 blyk dat die meerderheid (81,9 %), vyf of minder hektaar grond het om te bewerk.

TABEL 2.12

BRANDSTOF WAT RESPONDENTE GEBRUIK OM MEE VUUR TE MAAK

| Brandstof | Getal respondente N | % |
|---|---|---|
| Steenkool | 152 | 28,6 |
| Hout | 102 | 19,2 |
| Hout en steenkool | 262 | 49,2 |
| Paraffien | 10 | 1,9 |
| Miskoek | 3 | 0,6 |
| Gasstoof | 3 | 0,6 |
| TOTAAL | 532 | 100 |

TABEL 2.13

GROOTTE VAN BEWERKBARE LANDBOUGROND TOT BESKIKKING VAN HUISGESIN

| Grootte | N | % |
|---|---|---|
| 1 ha | 2 | 9,1 |
| 2 ha | 6 | 27,3 |
| 3 ha | 4 | 18,2 |
| 4 ha | 2 | 9,1 |
| 5 ha | 4 | 18,2 |
| 6 ha en groter | 4 | 18,1 |
| N | 22 | 100 |

Onder droëlandse toestande kan daar nie groot oeste verwag word nie en gevolglik is die beoefening van akkerbou onbenullig klein. Slegs die helfte van die gesinne wat oor landbougrond beskik, het dit die afgelope seisoen bewerk. Die redes vir dié toedrag van sake is nie bekend nie, maar dit is 'n veld waar doeltreffende voorligting moontlik 'n groot verbetering kan meebring. 'n Tekort aan die nodige produksiemiddele het waarskynlik ook 'n rol gespeel.

Nege van die gesinne wat hulle grond bewerk het, het mielies geplant, een het mielies en koring geplant en een het grondboontjies geplant. Een boer het nie geoes nie, terwyl nege met die hand geoes het. Indien die omvang van die oeste in aanmerking geneem word, is meganiese oes in elk geval nie prakties nie. Negentig persent van die mense wat wel geoes het, het vuur gemaak met die stronke.

Sewentig persent van die boere het hulle geoeste mielies in sakke tuis of elders vir eie gebruik geberg en 30 % het hulle mielies verkoop of verruil by 'n winkelier.

'n Paar vrae is ook gestel om te probeer bepaal watter omvang tuinbou in die streek aanneem en watter rol groente speel in die aanvulling van die dieet. Sestig van die huisgesinne (11 %) het wel groente gekweek. Die skaal waarop dit gekweek word, is met enkele uitsonderings redelik klein. Vyf en negentig persent kweek die groente uitsluitlik vir eie gebruik en 3 % vir eie gebruik en verkoop en net meer as 1 % vir verkoop alleenlik. Die groentesoorte wat gekweek word, verskyn in tabel 2.14. Die meeste huisgesinne het meer as een soort groente gekweek. Tamaties, spinasie en kopkool was die populêrste.

Die gebruik en aanvaarding van nuwighede is gewoonlik nog op 'n lae peil in gemeenskappe wat min blootstelling daaraan gehad het. Die gebruik van kompos en/of kraalmis vir bemestingsdoeleindes gee 'n aanduiding van die aanvaarbaarheid van elementêre tegnologie. Uit 62 gesinne het 14 (22,6 %) wel kompos of kraalmis in die tuin aangewend. Dit dui al op 'n redelik breë aanvaarding van die gebruik aangesien dié wat dit nie gebruik nie, moontlik nie kraalmis het of dit kan bekom nie, of nie materiaal het om kompos mee te maak nie.

TABEL 2.14

SOORTE GROENTE WAT GEKWEEK WORD

| Soort groente | Getal huisgesinne wat groente gekweek het N | % |
|---|---|---|
| Kopkool | 24 | 18,9 |
| Spinasie | 26 | 20,5 |
| Tamaties | 35 | 27,6 |
| Aartappels | 8 | 6,3 |
| Uie | 15 | 11,8 |
| Geelwortels en beet | 11 | 8,7 |
| Patats | 2 | 1,6 |
| Boontjies | 6 | 4,7 |
| TOTAAL | 127 | 100 |

Groente kan slegs behoorlik verbou word onder besproeiing. Moontlikhede vir die indiwidu om groente te besproei is maar beperk. Uit 'n totaal van 64 gooi 88 % van die gesinne wel hulle groentetuine nat. Net vier gesinne (7,7 %) maak gebruik van 'n tuinslang, een het leiwater, 28 (54 %) dra water aan vanaf 'n kraan of pomp wat in die nabyheid geleë is, en 19 (36 %) dra water aan vanaf 'n spruit, rivier, dam of put. Volgens Steenekamp is die gemiddeldde afstand na die naaste watervoorsieningspunt 0,9 kilometer. Dit dui op die moeite wat wel gedoen word om die tuin nat te gooi.

Die huisgesinne wat plaasdiere besit, het met enkele uitsonderings min diere. Tabel 2.15 dui die hoeveelhede aan van die verskillende soorte diere wat in besit is van die ondersoekgroep. Van die ondersoekgroep het 63 gesinne 'n totaal van 295 beeste besit, waarvan 65 % vier of minder beeste per gesin besit het en net 11 % 10 of meer beeste. Die produkte van die beeste en ander diere lewer 'n bydrae tot die dieet van die bevolking.

'n Totaal van 425 boerbokke is tydens die veldwerk in die besit van 70 huisgesinne aangetref. Hiervan het 16 huisgesinne meer as tien bokke besit

TABEL 2.15

GETAL EN SOORT DIERE PER GESIN

| Getal diere | | Soort dier: Beeste N | Beeste % | Bokke N | Bokke % | Skape N | Skape % | Varke N | Varke % | Hoenders N | Hoenders % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 0 - 9 | N | 56 | 88,9 | 54 | 77,1 | 19 | 86,4 | 51 | 100,0 | 150 | 59,3 | 330 | 71,9 |
| | % | 17,0 | | 16,4 | | 5,8 | | 15,5 | | 45,5 | | 100 | |
| 10 - 19 | N | 7 | 11,1 | 15 | 21,4 | | | | | 71 | 28,1 | 93 | 20,3 |
| | % | 7,5 | | 16,1 | | | | | | 76,3 | | 100 | |
| 20 - 29 | N | | | | | 2 | 9,1 | | | 22 | 8,7 | 24 | 5,2 |
| | % | | | | | 8,3 | | | | 91,7 | | 100 | |
| 30 - 39 | N | | | 1 | 1,4 | 1 | 4,5 | | | 1 | 0,4 | 3 | 0,7 |
| | % | | | 33,3 | | 33,3 | | | | 33,3 | | 100 | |
| 40 - 49 | N | | | | | | | | | 4 | 1,6 | 4 | 0,9 |
| | % | | | | | | | | | 100,0 | | 100 | |
| 50 - 59 | N | | | | | | | | | 4 | 1,6 | 4 | 0,9 |
| | % | | | | | | | | | 100,0 | | 100 | |
| 60 + | N | | | | | | | | | 1 | 0,4 | 1 | 0,2 |
| | % | | | | | | | | | 100,0 | | 100 | |
| TOTAAL | N | 63 | 100 | 70 | 100 | 22 | 100 | 51 | 100 | 253 | 100 | 459 | 100 |
| | % | 13,7 | | 15,3 | | 4,8 | | 11,1 | | 55,1 | | 100 | |

en 21 gesinne net een of twee bokke. Heelwat minder skape kom in die gebied voor. Wat die skape betref, besit 21 gesinne 135 skape, dit gee 'n gemiddelde van 6,4 skape per gesin vir die gesinne wat wel skape besit. Een en vyftig gesinne hou ook varke aan. Hiervan het 39 gesinne (76 %) net een of twee varke en die totale aantal varke soos uit die opname blyk, is 107.

Van al die gesinne besit 253 (44 %) hoenders en van hierdie groep het 179 (70,7 %) tien of minder. Die totale getal hoenders wat in die 253 gesinne se besit is, is 2 492 wat 'n gemiddelde van byna tien hoenders per gesin meebring. Dit was ook nodig om vas te stel of die hoenders op hok gehou word, want hieruit kan afgelei word of daar moontlikhede is vir tuinmaak omdat die hoenders uit die tuin gebou word. Indien die hoenders op hok gehou word, kan hulle mis in die tuin aangewend word vir bemesting, maar dan moet die hoenders gevoer word en kan hulle nie self kos soek nie. Uit die totaal van 253 het 103 gesinne (40,7 %) wel hulle hoenders op hok.

Opsommend kan gesê word dat uit die totale ondersoekgroep van 573 gesinne 22 landbougrond gehad het om te bewerk en 60 groente gekweek het. Die akkerbou- en veeteeltbedrywighede neem in die noordelike dele groter afmetings aan as in die nuwe suidelike deel, aangesien dit ou gevestigde nedersettings verteenwoordig en gewoonlik ook 'n sterk tradisionele inslag het. Die mate waarin landbouproduksie die lewenstandaard van die mense kan verhoog, moet nie onderskat word nie.

# HOOFSTUK 3
# ARBEIDSITUASIE

## 3.1 INLEIDING

Die vrae wat in die vraelys opgeneem is en wat oor die werker handel, is baie elementêr van aard aangesien daar van die standpunt uitgegaan is dat die werker gedurende die dag nie tuis sal wees nie en enige senior lid van die huisgesin in staat moet wees om die vrae wat gestel is te beantwoord. In die geval van die werklose is die vrae van so 'n aard dat net die werklose self die vrae kan beantwoord en niemand anders dit namens hom/haar kan doen nie.

Tabel 3.1 toon werkende en werklose mense in verskillende ouderdomsgroepe. Die getal werkers wat minder as vyf voldae per week werk, is baie gering en hierdie verskynsel is beperk tot werkers wat binne KwaNdebele werksaam is. In totaal was daar tien persone wat minder as vyf dae per week werk en hulle is by die werkende groep in tabel 3.1 gevoeg.

Skoolgaande ouderdom is vir die doel van hierdie opname op jonger as 20 gestel, alhoewel heelparty "kinders" die arbeidsmark betree op hierdie ouderdom.

Indien 'n seun of dogter reeds gewerk het en tydens die opname werkloos was en geen voornemens gehad het om weer terug te gaan skool toe nie, al val hulle in die ouderdomsgroep onder 20 jaar, is so 'n persoon as nie-werkend beskou.

Baie nie-werkende persone, veral die vroue, het hulle bereid verklaar om wel 'n betrekking te aanvaar indien werkgeleenthede binne die gebied tot hulle beskikking gestel word. Die meeste groot dogters en jong vroue val in hierdie groep. Die erkende definisie van 'n werklose soos gebruik deur die Sentrale Statistiek Diens in sy statistiese nuusberigte, lui dat 'n werklose 'n persoon is wat begerig is om te werk, dit wil sê gedurende die vorige maand 'n poging aangewend het om 'n werk te vind. 'n Relatief klein persentasie van die vroue soek aktief werk en *per definisie* kan slegs hierdie groep as werkloos beskou word.

TABEL 3.1

GETAL WERKENDE EN NIE-WERKENDE MANS EN VROUE VOLGENS OUDERDOM

| Ouderdom | Werkende | | | | Nie-werkendes | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | Mans | | Vroue | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 15 - 19 | 48 | 6,1 | 20 | 7,3 | 28 | 13,5 | 63 | 8,2 | 159 | 7,8 |
| 20 - 24 | 138 | 17,5 | 90 | 32,7 | 34 | 16,4 | 126 | 16,5 | 388 | 19,0 |
| 25 - 29 | 143 | 18,1 | 65 | 23,6 | 19 | 9,2 | 108 | 14,1 | 335 | 16,4 |
| 30 - 34 | 102 | 12,9 | 40 | 14,5 | 15 | 7,2 | 89 | 11,6 | 246 | 12,1 |
| 35 - 39 | 101 | 12,8 | 18 | 6,5 | 8 | 3,9 | 76 | 9,9 | 203 | 10,0 |
| 40 - 44 | 81 | 10,3 | 17 | 6,2 | 10 | 4,8 | 68 | 8,9 | 176 | 8,6 |
| 45 - 49 | 72 | 9,1 | 10 | 3,6 | 7 | 3,4 | 44 | 5,8 | 133 | 6,5 |
| 50 - 54 | 41 | 5,2 | 11 | 4,0 | 11 | 5,3 | 46 | 6,0 | 109 | 5,4 |
| 55 - 59 | 23 | 2,9 | | | 7 | 3,4 | 31 | 4,1 | 61 | 3,0 |
| 60 - 64 | 27 | 3,4 | 3 | 1,1 | 26 | 12,6 | 69 | 9,0 | 125 | 6,1 |
| 65 + | 14 | 1,8 | 1 | 0,4 | 42 | 20,3 | 45 | 5,9 | 102 | 5,0 |
| TOTAAL | 790 | 100 | 275 | 100 | 207 | 100 | 765 | 100 | 2 037 | 100 |

## 3.2 BEROEPSBEOEFENING

Werkgeleenthede binne die gebied is beperk. Slegs 8,3 % van die werkende mans en vroue werk binne KwaNdebele.

Tabel 3.2 toon dat meer as 56 % van die werkgeleenthede binne KwaNdebele in die owerheidsektor bestaan en twee uit elke drie poste deur mans gevul word. Hierdie verskynsel dat die owerheidsektor die grootste werkverskaffer is, kom in die meeste onderontwikkelde gebiede voor.

Die werksaamhede in die privaatsektor is van beperkte omvang en bied 44 % van die werkgeleenthede in die gebied. Die selfgeëmplojeerde mense is ingesluit by hierdie persentasie en vorm ook 'n groot deel daarvan. Aangesien die handel en ander dienstesektore hoofsaaklik in die selfgeëmplojeerde mense se hande is, vervul hulle 'n belangrike rol in die gebied en is hierdie sektor ook redelik omvangryk.

Die werksgebied vir die werkers wat buite KwaNdebele werk, is hoofsaaklik die Pretoria/Witwatersrand-gebied. Tabel 3.3 toon dat Pretoria en omgewing byna 55 % van die werksgeleenthede bied, die Witwatersrand/Vereeniging-area net meer as 20 % en die Witbank/Middelburg-area 13 %.

Die dele direk omliggend aan KwaNdebele bied beperkte werkgeleenthede. Die gevolg hiervan is dat die meeste werkers verder van die gebied af werk moet soek. Sommige werk dan ook twee- tot driehonderd kilometer van die gebied af. Dit veroorsaak dat sommige werkers selde huis toe kan kom. Tabel 3.4 toon dat meer as 54 % van die werkers een keer per maand of selfs minder dikwels na KwaNdebele terugkeer. Sowat 18 % reis op 'n daaglikse basis tussen KwaNdebele en die werksgebied. Indien die gesinshoofde afsonderlik geneem word, is die persentasie wat minder as een keer per maand terugkeer huis toe 39,3 en dié wat op 'n daaglikse basis reis 22,5 % soos in tabel 3.5 getoon. Van die gesinshoofde wat wel in 'n betrekking staan, werk 90 % buite die gebied (kyk tabel 3.6) en slegs 10 % binne die gebied.

TABEL 3.2

WERKGEWER BINNE KWANDEBELE

| Werkgewer | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Regeringsdiens | 32 | 55,2 | 18 | 58,1 | 50 | 56,2 |
| Privaatsektor | 26 | 44,8 | 13 | 41,9 | 39 | 43,8 |
| TOTAAL | 58 | 100 | 31 | 100 | 89 | 100 |

TABEL 3.3

DISTRIK WAAR WERKSAAM

| Distrik | Mans | | Vroue | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Marble Hall, Groblersdal, Dennilton, Bronkhorstspruit | 25 | 3,5 | 6 | 3,2 | 31 | 3,5 |
| Witbank, Middelburg | 103 | 14,5 | 14 | 7,5 | 117 | 13,0 |
| Secunda, Kriel-kragsentrale, Sasol II | 15 | 2,1 | 4 | 2,1 | 19 | 2,1 |
| Belfast, Lydenburg, Nelspruit, Barberton, Bethal, Evander, Ermelo | 26 | 3,7 | 6 | 3,2 | 32 | 3,6 |
| Nylstroom, Potgietersrus, Pietersburg, Louis Trichardt | | | | | | |
| Pretoria, Rosslyn, Brits, Cullinan, Hammanskraal | 369 | 51,9 | 120 | 64,2 | 489 | 54,5 |
| Johannesburg, Witwatersrand, Vereeniging | 149 | 21,0 | 36 | 19,3 | 185 | 20,6 |
| Res van Transvaal | 8 | 1,1 | 1 | 0,5 | 9 | 1,0 |
| Ander buite Transvaal | 16 | 2,3 | | | 16 | 1,8 |
| TOTAAL | 711 | 100 | 187 | 100 | 898 | 100 |

TABEL 3.4

HOE DIKWELS KEER WERKER TERUG HUIS TOE

| Terugkeer | Mans N | Mans % | Vroue N | Vroue % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Daagliks | 139 | 18,4 | 33 | 15,6 | 172 | 17,8 |
| Weekliks | 103 | 13,6 | 13 | 6,1 | 116 | 12,0 |
| Tweeweekliks | 111 | 14,7 | 2 | 0,9 | 113 | 11,7 |
| Drieweekliks | 36 | 4,8 | 4 | 1,9 | 40 | 4,1 |
| Maandeliks | 284 | 37,5 | 131 | 61,8 | 415 | 42,8 |
| Tweemaandeliks | 46 | 6,1 | 15 | 7,1 | 61 | 6,3 |
| Driemaandeliks | 21 | 2,8 | 4 | 1,9 | 25 | 2,6 |
| Minder as driemaandeliks | 17 | 2,2 | 10 | 4,7 | 27 | 2,8 |
| TOTAAL | 757 | 100 | 212 | 100 | 969 | 100 |

TABEL 3.5

HOE DIKWELS KEER GESINSHOOF TERUG HUIS TOE

| Terugkeer | N | % |
|---|---|---|
| Daagliks | 94 | 22,5 |
| Weekliks | 72 | 17,2 |
| Tweeweekliks | 70 | 16,7 |
| Drieweekliks | 18 | 4,3 |
| Maandeliks | 147 | 35,2 |
| Tweemaandeliks | 11 | 2,6 |
| Driemaandeliks | 2 | 0,5 |
| Meer as driemaandeliks | 4 | 1,0 |
| TOTAAL | 418 | 100 |

## TABEL 3.6

## OUDERDOM VAN GESINSHOOFDE WAT BINNE EN BUITE KWANDEBELE WERK

| Ouderdom | | Buite KwaNdebele | Binne KwaNdebele | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|
| Jonger as 20 jaar | | 3 | | 3 | 0,7 |
| 21 - 25 | | 12 | 1 | 13 | 3,2 |
| 26 - 30 | | 40 | | 40 | 9,9 |
| 31 - 35 | | 44 | 6 | 50 | 12,3 |
| 36 - 40 | | 80 | 13 | 93 | 22,9 |
| 41 - 45 | | 50 | 3 | 53 | 13,1 |
| 46 - 50 | | 57 | 8 | 65 | 16,0 |
| 51 - 55 | | 28 | 4 | 32 | 7,9 |
| 56 - 60 | | 26 | 2 | 28 | 6,9 |
| 61 - 65 | | 15 | 1 | 16 | 3,9 |
| 66 + | | 11 | 2 | 13 | 3,2 |
| TOTAAL | N | 366 | 40 | 406 | |
| | % | 90,1 | 9,9 | | 100 |

## TABEL 3.7

## GETAL NIE-WERKENDES WAT WERK GESOEK HET

| Werk gesoek | | Geslag: Mans N | Mans % | Vroue N | Vroue % | Totaal N | Totaal % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ja | N | 53 | 68,0 | 37 | 26,2 | 90 | 41,1 |
| | % | 58,9 | | 41,1 | | 100 | |
| Nee | N | 25 | 32,0 | 104 | 73,8 | 129 | 58,9 |
| | % | 19,4 | | 80,6 | | 100 | |
| TOTAAL | N | 78 | 100 | 141 | 100 | 219 | 100 |
| | % | 35,6 | | 64,4 | | 100 | |

## 3.3 SITUASIE VAN DIE WERKLOSE IN KWANDEBELE

### 3.3.1 *Inleiding*

Die getalsverhouding tussen die werkendes en nie-werkendes (15 jaar en ouer) in KwaNdebele blyk uit tabel 3.1. Die persone wat in tabel 3.1 as nie-werkend aangetoon word, is nie almal werkloos volgens die gewone definisie van begerig om te werk en besig om aktief werk te soek nie. Die meeste van die 765 vroue in tabel 3.1 is huisvroue en kan as gevolg van omstandighede nie buite KwaNdebele of ver van hul huise af werk nie.

Die omvang van werkloosheid onder mans kan egter uit tabel 3.1 afgelei word. Van die reeds 207 nie-werkende mans is 68 reeds 60 jaar of ouer. Indien dié groep as nie meer ekonomies aktief beskou word nie, kan die werklose mans in die ondersoekgroep op 139 gestel word, wat dan 'n werkloosheidskoers van ongeveer 14 % lewer. Die grootste persentasie werkloosheid kom onder die jonger ouderdomsgroepe (15 - 24 jaar) voor waar 62 van die 248 (25 %) mans in die ouderdomsgroep volgens tabel 3.1 as nie-werkend geklassifiseer en waarskynlik werkloos sal wees. Dat die persentasie jong mense onder die werkloses gewoonlik die hoogste is, is 'n vry algemene verskynsel wêreldwyd. Tabel 3.7 toon aan dat 68,0 % van die mans werk gesoek het. Indien dié groep as die werkloses beskou word en die persentasie toegepas word op die syfers in tabel 3.1, lewer die berekening weer eens vir mans 'n werkloosheidskoers van 14 %. Word dieselfde berekening vir vroue gemaak, word 'n werkloosheidskoers van 19 % verkry.

Die nie-werkende mans en vroue wat tydens die ondersoek deur die veldwerker tuis aangetref is (78 mans en 141 vroue), is verder ondervra om meer inligting oor die nie-werkende en die werklik werklose se situasie te bekom. Die totale in die tabelle tel nie altyd op tot 78 en 141 nie, omdat al die respondente nie op al die vrae gereageer het nie.

### 3.3.2 *Werkgeskiedenis*

Volgens tabel 3.9 is 23 mans (27,7 %) vir minder as 'n maand en vyftien (18 %) vir langer as 'n jaar sonder werk. Die situasie met betrekking tot die vroue is feitlik die teenoorgestelde as dié van die mans. Slegs 3,6 %

TABEL 3.8

OUDERDOM EN ONDERWYSPEIL VAN NIE-WERKENDE MANS

| Ouderdom | | Onderwyspeil | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Geen | Sub A en B | St. 1 en 2 | St. 3 en 4 | St. 5 | St. 6 en 7 | St. 8 en 9 | N | % |
| 15 - 19 | N | 6 | | 7 | 11 | 1 | 3 | | 28 | 13,5 |
| | % | 21,4 | | 25,0 | 39,3 | 3,6 | 10,7 | | 100 | |
| 20 - 24 | N | 4 | 2 | 9 | 7 | 8 | 2 | 2 | 34 | 16,4 |
| | % | 11,8 | 5,9 | 26,5 | 20,6 | 23,5 | 5,9 | 5,9 | 100 | |
| 25 - 29 | N | 5 | | 4 | 6 | 1 | 2 | 1 | 19 | 9,2 |
| | % | 26,3 | | 21,1 | 31,6 | 5,3 | 10,5 | 5,3 | 100 | |
| 30 - 34 | N | 9 | | 1 | 1 | 3 | 1 | | 15 | 7,3 |
| | % | 60,0 | | 6,7 | 6,7 | 20,0 | 6,7 | | 100 | |
| 35 - 39 | N | 5 | | 1 | 2 | | | | 8 | 3,9 |
| | % | 62,5 | | 12,5 | 25,0 | | | | 100 | |
| 40 - 44 | N | 7 | 1 | 1 | 1 | | | | 10 | 4,8 |
| | % | 70,0 | 10,0 | 10,0 | 10,0 | | | | 100 | |
| 45 - 49 | N | 4 | 1 | 1 | | | | 1 | 7 | 3,4 |
| | % | 57,1 | 14,3 | 14,3 | | | | 14,3 | 100 | |
| 50 - 54 | N | 10 | | 1 | | | | | 11 | 5,3 |
| | % | 90,9 | | 9,1 | | | | | 100 | |
| 55 - 59 | N | 7 | | | | | | | 7 | 3,4 |
| | % | 100,0 | | | | | | | 100 | |
| 60 - 64 | N | 25 | 1 | | | | | | 26 | 12,6 |
| | % | 96,2 | 3,9 | | | | | | 100 | |
| 65 + | N | 41 | | 1 | | | | | 42 | 20,3 |
| | % | 97,6 | | 2,4 | | | | | 100 | |
| TOTAAL | N | 123 | 5 | 26 | 28 | 13 | 8 | 4 | 207 | |
| | % | 59,4 | 2,4 | 12,6 | 13,5 | 6,3 | 3,9 | 1,9 | | 100 |

is vir minder as een maand werkloos terwyl 67,9 % vir meer as een jaar werkloos is. 'n Rede hiervoor kan moontlik wees dat vroue hulle gewillig verklaar het om te werk maar die voorwaarde stel dat die werk binne KwaNdebele moet wees.

Aansluitend by bogenoemde punt toon tabel 3.10 dat 23 (22 %) van die vroue glad nie van plan is om werk te soek nie. In die geval van die mans is die paar wat te kenne gegee het dat hulle nie werk soek nie, meestal redelik bejaarde mans wie se werkleeftyd reeds verstreke is. Die huislike omstandighede verwys gewoonlik na kinders grootmaak of versorging van ouers. Die totale in tabel 3.10 verwys na die persone wat "nee" geantwoord het soos getoon in tabel 3.8.

Tien mans (41,7 %) (tabel 3.11) wat nog nie werk gesoek het nie, het een of ander gesondheidsrede aangevoer, terwyl 29,2 % 'n heenkome in die informele sektor vind. Hieruit kan ook die afleiding gemaak word dat die informele sektor redelik omvangryk is en selfs 'n belangrike rol onder meer speel in werkverskaffing in KwaNdebele.

Die redes wat die vroue aangevoer het waarom hulle nog nie werk gesoek het nie, spruit hoofsaaklik uit huislike omstandighede.

Pretoria en omgewing is die populêrste gebied om in werk te soek (tabel 3.12). Dit is ook die grootste werkverskaffingsgebied vir die Ndebeles (tabel 3.3). Werksgebiede aangrensend aan KwaNdebele soos Groblersdal en Marble Hall is ook aantreklik vir werksoekers omdat dit die naaste werkverskaffingsgebied is. Dit was veral vroue wat in KwaNdebele werk gesoek het omdat dit vir hulle geriefliker is om in KwaNdebele naby hulle tuistes te werk.

Ten minste 74 % van die nie-werkende mans se laaste betrekking was van 'n harde fisiese aard soos bouwerk, tuin- en plaaswerk en gewone arbeiderswerk (tabel 3.13). Wat die vroue betref, is daar wel 'n groepie (8 %) wat ook harde werk soos plaas- en bouwerk gedoen het, alhoewel die oorgrote meerderhied (80,4 %) as huisbediendes gewerk het.

Redes wat aangevoer word waarom die vorige werk verlaat is, is ook eie aan die twee geslagte. Onder die mans is dit opmerklik dat 19,2 % as rede aangevoer het dat hulle met die voorman of bestuurder gebots het (tabel 3.14)

TABEL 3.9

TYDPERK SONDER WERK

| Tydperk | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | N | % | N | % | N | % |
| 0 - 1 maand | 23 | 27,7 | 5 | 3,6 | 28 | 12,6 |
| 1 - 3 maande | 16 | 19,3 | 8 | 5,7 | 24 | 10,8 |
| 3 - 6 maande | 12 | 14,5 | 13 | 9,3 | 25 | 11,2 |
| 6 - 12 maande | 17 | 20,5 | 19 | 13,6 | 36 | 16,1 |
| 12 - 24 maande | 8 | 9,6 | 26 | 18,6 | 34 | 15,1 |
| Meer as 24 maande | 7 | 8,4 | 69 | 49,3 | 76 | 34,1 |
| TOTAAL | 83 | 100 | 140 | 100 | 223 | 100 |

TABEL 3.10

WANNEER GAAN DIE NIE-WERKENDE WAT NOG NIE WERK GESOEK HET NIE, WERK SOEK?

| Tyd | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Besig om te soek | 5 | 20,0 | | | 5 | 3,9 |
| Wil eers gesond word | 8 | 32,0 | | | 8 | 6,2 |
| Van nou af | 8 | 32,0 | 36 | 34,6 | 44 | 34,1 |
| Nooit nie | 4 | 16,0 | 23 | 22,1 | 27 | 20,9 |
| Aanstaande jaar | | | 21 | 20,2 | 21 | 16,3 |
| Wanneer huislike omstandighede dit toelaat | | | 24 | 23,1 | 24 | 18,6 |
| TOTAAL | 25 | 100 | 104 | 100 | 129 | 100 |

Hierdie rede het nêrens by die vroue voorgekom nie. In die geval van mans en vroue neem die lae betaling as rede vir diensbeëindiging 'n relatief lae vyfde plek in. Ander redes wat spruit uit statutêre maatreëls soos maatreëls betreffende die bewysboekstelsel, neem die laaste plek in. Siekte, of gesondheid in die breë het deurgaans as 'n rede voorgekom.

3.3.3 *Werkvoorkeure en -afkere*

Antwoorde op die vraag watter werk die respondent (nie-werkende) die graagste sou wou doen, was oor die algemeen realisties. Slegs enkele mans sowel as vroue het onrealistiese verwagtings vir hulle voorkeurberoep gekoester. Daar bestaan vir hierdie rede ook 'n ooreenkoms tussen tabel 3.13 wat die laaste betrekking was en tabel 3.15 wat die voorkeurbetrekking toon. Verskille wat wel in die twee tabelle bestaan, is 'n klein verskuiwing na ligter werk, weg van swaar fisiese werk. 'n Noemenswaardige persentasie vroue (11,4 %) het geen spesifieke werksvoorkeur nie wat ook dui op 'n baie realistiese siening, veral as die beskikbaarheid van werkgeleenthede in gedagte gehou word. Mans sowel as vroue het voorkeur gegee aan die werk waarin hulle ondervinding het. Tabel 3.16 toon dat 50 % van die mans en 41,7 % van die vroue 'n betrokke werk verkies het omdat hulle ondervinding daarin het. Die prioriteit wat respondent aan vergoeding toegeken het, is laer as wat miskien verwag sou word. Die beskikbaarheid van werkgeleenthede in KwaNdebele en die afstand na gebiede waar daar wel werkgeleenthede is, speel sekerlik 'n rol by die vergoeding wat persone verwag.

Net soos in die geval van die beroepe wat deur die respondent verkies is, toon die beroepe waarvan hul 'n afkeer het, 'n redelik wye omvang. Die beroepe is gegroepeer soos in tabel 3.17. Die harde en sogenaamde "vuil" werk was by mans sowel as vroue ongewild. Ondanks hierdie feit het 23,5 % van die mans en 37,3 % van die vroue te kenne gegee dat hulle bereid is om enige werk te aanvaar. Hierdie persentasies dui weer eens op die behoefte aan werkgeleenthede wat in die gebied bestaan. Die meeste vroue wat nie van winkelassistent as beroep hou nie, was van mening dat dit 'n "geleerde" beroep is. In tabel 3.18 het 28,7 % van die vroue gesê dat hulle te ongeleerd is vir die beroep wat hulle in tabel 3.17 genoem het, terwyl dit in die geval van die mans net 7,9 % is. In dié gevalle verwys "afkeer" dus ook na

TABEL 3.11

REDES WAAROM DIE NIE-WERKENDE NOG NIE WERK GESOEK HET NIE

(a) Mans

| Rede | N | % |
|---|---|---|
| Pensioentrekker | 1 | 4,2 |
| Siekte | 10 | 41,7 |
| Gebreklik | 1 | 4,2 |
| Bewysboekie | 2 | 8,3 |
| Werksaam in informele sektor | 7 | 29,2 |
| Ander redes | 3 | 12,5 |
| TOTAAL | 24 | 100 |

(b) Vroue

| | | |
|---|---|---|
| Huisvrou | 24 | 23,3 |
| Swangerskap/baba grootmaak | 30 | 29,1 |
| Pas huis/familie op | 14 | 13,6 |
| Bou eers huis klaar | 5 | 4,9 |
| Gesondheidsredes | 8 | 7,8 |
| Man se bevel | 8 | 7,8 |
| Ander (bewysboek, skoolgaan, ens.) | 14 | 13,6 |
| TOTAAL | 103 | 100 |

TABEL 3.12

GEBIEDE WAAR DIE NIE-WERKENDE WERK GESOEK HET

| Gebied | Getal respondente | |
|---|---|---|
| | N | % |
| KwaNdebele (Arbeidsburo) | 13 | 15,3 |
| Bronkhorstspruit, Groblersdal, Dennilton, Marble Hall | 23 | 27,1 |
| Witbank, Middelburg | 14 | 16,5 |
| Oos-Transvaal | 3 | 3,5 |
| Noord-Transvaal | 1 | 1,2 |
| Pretoria, Rosslyn, Brits, Cullinan | 24 | 28,2 |
| Witwatersrand, Vereeniging | 6 | 7,1 |
| Res van Transvaal | | |
| Ander buite Transvaal | 1 | 1,2 |
| TOTAAL | 85 | 100 |

TABEL 3.13

LAASTE BETREKKING DEUR NIE-WERKENDE BEKLEE

(a) Mans

| Laaste betrekking | N | % |
|---|---|---|
| Bouwerk, verfwerk, elektriese werk, kontrakteur | 44 | 56,4 |
| Mynwerk | 2 | 2,6 |
| Bestuurder (motor, vragmotor) | 10 | 12,8 |
| Tuinwerk | 3 | 3,9 |
| Plaaswerk | 3 | 3,9 |
| Fabriek (masjienoperateur) | 5 | 6,4 |
| Arbeider | 6 | 7,7 |
| Klerklik | 3 | 3,9 |
| Ander | 2 | 2,6 |
| TOTAAL | 78 | 100 |

(b) Vroue

| | | |
|---|---|---|
| Huisbediende | 111 | 80,4 |
| Plaaswerk | 9 | 6,5 |
| Bouwerk | 2 | 1,5 |
| Winkelassistent | 10 | 7,3 |
| Fabriek/firma | 6 | 4,4 |
| TOTAAL | 138 | 100 |

TABEL 3.14

REDES WAAROM WERKLOSE MANS EN VROUE HUL VORIGE WERK VERLAAT HET

(a) Mans

| Rede | N | % |
|---|---|---|
| Bots met voorman/bestuurder | 15 | 19,2 |
| Betaal te min | 10 | 12,8 |
| Personeel verminder/werk klaar/firma geskuif | 19 | 24,4 |
| Moeg vir plaaswerk | 2 | 2,6 |
| Siekte | 12 | 15,4 |
| Ander redes (bewysboek, werkplek te ver, ens.) | 14 | 18,0 |
| Afgedank | 6 | 7,7 |
| TOTAAL | 78 | 100 |

(b) Vroue

| | | |
|---|---|---|
| Getroud, swanger, pas familie op | 91 | 66,4 |
| Gesondheid | 10 | 7,3 |
| Man se bevel | 4 | 2,9 |
| Personeel verminder/werk klaar | 4 | 2,9 |
| Verhuis na KwaNdebele | 15 | 11,0 |
| Moeg vir werk | 6 | 4,4 |
| Bewysboek | 2 | 1,5 |
| Min geld | 5 | 3,7 |
| TOTAAL | 137 | 100 |

TABEL 3.15

BEROEP WAT WERKLOSE MANS EN VROUE VERKIES

(a) Mans

| Soort werk | N | % |
|---|---|---|
| Bouwerk, verfwerk, elektriese werk, sweiswerk | 29 | 39,7 |
| Bestuurder (vragmotor, bus, motor) | 11 | 15,1 |
| Toesighouer | | |
| Winkelassistent | 1 | 1,4 |
| Masjienoperateur in fabriek | 8 | 11,0 |
| Plaaswerk/tuinwerk | 7 | 9,6 |
| Ligte werk (skoonmaker, wag) | 5 | 6,9 |
| Mynwerk | 1 | 1,4 |
| Klerklike werk | 11 | 15,1 |
| TOTAAL | 73 | 100 |

(b) Vroue

| | | |
|---|---|---|
| Huisbediende | 66 | 50,0 |
| Kafee/winkelassistent | 21 | 15,9 |
| Fabriek | 11 | 8,3 |
| Kassiere/klerk | 5 | 3,8 |
| Verpleegster | 1 | 0,8 |
| Enige werk | 15 | 11,4 |
| Stel in geen werk belang | 4 | 3,0 |
| Skoonmaker | 2 | 1,5 |
| Ander (brei- en naaldwerk, plaaswerk, ens.) | 7 | 5,3 |
| TOTAAL | 132 | 100 |

TABEL 3.16

REDE WAAROM 'N SPESIFIEKE WERK VERKIES WORD

(a) Mans

| Rede | N | % |
|---|---|---|
| Het ervaring/lisensie | 37 | 50,0 |
| Ligte maklike werk | 13 | 17,6 |
| Betaal goed | 7 | 9,5 |
| Gesondheid (nie gesond vir ander werk) | 4 | 5,4 |
| Hou (baie) daarvan | 5 | 6,8 |
| Ongeletterd/ongeskoold | 4 | 5,4 |
| Kan nie kieskeurig wees nie | 4 | 5,4 |
| TOTAAL | 74 | 100 |

(b) Vroue

| | | |
|---|---|---|
| Geskik vir ongeskooldes/ongeleerdes | 21 | 16,5 |
| Blyplek beskikbaar | 3 | 2,4 |
| Dis 'n vrou se werk | 7 | 5,5 |
| Betaal goed | 17 | 13,4 |
| Hou daarvan/maklike werk | 17 | 13,4 |
| Wil met mense werk | 4 | 3,2 |
| Ondervinding | 53 | 41,7 |
| Om 'n hoë lewenstandaard te verseker | 5 | 3,9 |
| TOTAAL | 127 | 100 |

TABEL 3.17

SOORT BEROEP WAARVAN WERKLOSE 'N AFKEER HET

(a) Mans

| Soort werk | N | % |
|---|---|---|
| Munisipale werk | 13 | 19,1 |
| Bouwerk | 17 | 25,0 |
| Mynwerk (ondergronds) | 9 | 13,2 |
| Plaaswerk (arbeider) | 3 | 4,4 |
| Kontrakwerk, fabriekwerk | 3 | 4,4 |
| Sal enige werk doen | 16 | 23,5 |
| Enige swaar werk | 7 | 10,3 |
| TOTAAL | 68 | 100 |

(b) Vroue

| | | |
|---|---|---|
| Huisbediende/kombuiswerk | 19 | 16,1 |
| Winkelassistent | 8 | 6,8 |
| Stukwerk | 5 | 4,2 |
| Wassery/skoonmaker | 1 | 0,9 |
| Sal enige werk doen | 44 | 37,3 |
| Swaar werk (plaaswerk, steenmakery, ens.) | 34 | 28,8 |
| Fabriekswerk/firmas | 7 | 5,9 |
| TOTAAL | 118 | 100 |

beroepe wat die respondent na sy mening nie sou kon hanteer nie. Lae vergoeding verbonde aan 'n beroep was 'n groot rede vir afkeer, terwyl 'n hoë vergoeding nie 'n hoofrede vir 'n voorkeurberoep was nie. By die mans sowel as vroue het swak betaling as die tweede belangrikste rede vir die afkeer van 'n beroep verskyn.

Die vroue wat geantwoord het dat hulle wil werk om 'n beter bestaan te voer (tabel 3.18), kom uit dié groep wat bereid was om enige werk te aanvaar wat in tabel 3.17 verskyn. Dieselfde geld ook vir die mans.

## 3.4 HOUDING TEENOOR LAEVLAKARBEID

In die inleiding is reeds aangetoon dat ekonomiese groei nie genoeg werkgeleentheid vir 'n snel-groeiende bevolking sal kan skep nie. Die algemene neiging tot die gebruik van kapitaalintensiewe produksiemetodes is nie bevorderlik vir die verligting van die probleem van werkloosheid nie. Daar kan aanvaar word dat arbeidsintensiewe metodes in die fabriekswesesektor baie probleme lewer en dat die neiging tot kapitaalintensiewe metodes baie moeilik omkeerbaar sal wees. In die skepping van infrastruktuur is dit 'n ander saak. Daar word egter dikwels geredeneer dat die bevolking eerstens nie bereid sal wees om die werk te doen nie en tweedens dat die lone wat gevra sal word, arbeidsintensiewe metodes baie duurder as kapitaalintensiewe metodes sal maak.

Dit is verder ook bekend dat duisende mynwerkers uit buurstate ingevoer word met 'n gevolglike uitvloei van valuta.

Aan die nie-werkendes is gevra of hulle bereid sou wees om laevlakarbeid te verrig en indien wel, teen watter loon (vrae 13 tot 19 van die vraelys vir werkloses).

### 3.4.1 *Houding teenoor mynwerk*

In tabel 3.19 word die reaksie van die persone op die vraag of hulle bereid sou wees om in 'n myn te gaan werk, ontleed. Die non-response by vroue

TABEL 3.18

REDES WAAROM WERKSOEKERS 'N AFKEER VAN SEKERE BEROEPE HET

(a) Mans

| Rede | N | % |
|---|---|---|
| Verloor selfrespek met werk | 5 | 7,9 |
| Swaar werk/maak my siek/maak my oud | 15 | 23,8 |
| Gevaarlike werk | 8 | 12,7 |
| Betaal te min | 11 | 17,5 |
| Hou nie daarvan nie/moeg daarvoor | 7 | 11,1 |
| Geen ervaring | 3 | 4,8 |
| Ek is te geleerd/het bestuurderslisensie | 2 | 3,2 |
| Geld om te lewe | 7 | 11,1 |
| Nie so geleerd nie | 5 | 7,9 |
| TOTAAL | 63 | 100 |

(b) Vroue

| | | |
|---|---|---|
| Ongeleerd | 29 | 28,7 |
| Dis vuil werk | 6 | 5,9 |
| Geen rustyd/dag vry nie | 5 | 5,0 |
| Betaal te min | 20 | 19,8 |
| Hou nie daarvan nie | 10 | 9,9 |
| Het nie ervaring nie | 5 | 5,0 |
| Wil 'n beter bestaan maak | 7 | 6,9 |
| Baie swaar werk | 19 | 18,8 |
| TOTAAL | 101 | 100 |

TABEL 3.19

GEWILLIGHEID OM IN 'N MYN TE GAAN WERK

| Houding | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Ja, sonder voorbehoud | 27 | 36,5 | 2 | 2,6 | 29 | 19,3 |
| As hulle goed betaal | 7 | 9,5 | 3 | 3,9 | 10 | 6,7 |
| Net as ek honger ly | 5 | 6,7 | 4 | 5,3 | 9 | 6,0 |
| Glad nie | 35 | 47,3 | 67 | 88,2 | 102 | 68,0 |
| TOTAAL | 74 | 100 | 76 | 100 | 150 | 100 |

is besonder hoog. Slegs 76 (54 %) van die 141 vroue het op die vraag gereageer, waarskynlik omdat die soort werk totaal vreemd vir hulle is.

Nege van die nie-werkende mans (13,2 %) het aangedui dat hulle 'n afkeer het van ondergrondse mynwerk, terwyl agt (12,7 %) van mening was dat die werk waarvan hulle 'n afkeer het, te gevaarlik was (tabel 3.17 en 3.18). Minder as die helfte van die mans (36,5 %) was gewillig om in 'n myn te gaan werk, terwyl 16,2 % onder sekere voorwaardes gewillig was. Feitlik die helfte van die nie-werkende mansrespondente (47,3 %) was hoegenaamd nie te vinde vir werk in 'n myn nie.

Soos verwag kon word, was vroulike respondente oor die algemeen (88 %) nie bereid om in 'n myn te werk nie, alhoewel daar tog vroue was wat daarvoor kans gesien het.

Die twee hoofredes waarom die mense nie in 'n myn wil gaan werk nie, kan vir praktiese doeleindes bymekaar gevoeg word. Die veiligheidsaspek van mynwerk kan gevoeg word by die vrees wat die werkers vir werk in 'n myn het. Die twee redes saam vorm 74,2 % van die totale aantal mans wat op hierdie vraag gereageer het en wat nie te vinde was vir ondergrondse werk nie. Tabel 3.20 toon verder dat 55 % van die vroue van mening is dat mywerk 'n man se werk is. Die res beskou die veiligheid in 'n myn ook, net soos die mans, as 'n belangrike faktor.

Vrae wat handel oor die verdienste wat verwag word van 'n betrokke werk, is oor die algemeen baie realisties beantwoord. Slegs enkele respondente het onrealisties hoë salarisverwagtinge gehad. Dit was ook hoofsaaklik die jonger mense wat 'n salarisverwagting gestel het wat hoër is as die gemiddelde van die groep. Die mans se salarisverwagtings was ook deurgaans hoër as dié van vroue. Tabel 3.21 toon byvoorbeeld dat 33,3 % van die mans wat wel gereageer het, 'n salarisverwagting van R200,00 en meer gehad het terwyl nie een vrou verwag het meer as R200,00 te verdien nie. Negentien mans (48,7 %) verwag om tussen R100 en R139 per maand in 'n myn te verdien. Alhoewel nege vroue hulle bereid verklaar het om wel in 'n myn te gaan werk (tabel 3.19), het sewe hulle uitgelaat oor die salarisse wat hulle verwag.

TABEL 3.20

REDES VIR ONWILLIGHEID OM IN 'N MYN TE WERK

(a) Mans

| Redes | N | % |
|---|---|---|
| Onveilig | 10 | 32,3 |
| Betaal te min | | |
| Harde werk | 5 | 16,1 |
| Ndebeles werk nie daar nie | 2 | 6,5 |
| Ek is bang/skrikkerig/te donker daar | 13 | 41,9 |
| Ek is te goed geleerd | 1 | 3,2 |
| TOTAAL | 31 | 100 |

(b) Vroue

| | | |
|---|---|---|
| Dit is 'n man se werk | 32 | 55,2 |
| Geen ervaring | 2 | 3,5 |
| Onveilig | 14 | 24,1 |
| Bang daarvoor | 10 | 17,2 |
| TOTAAL | 58 | 100 |

TABEL 3.21

SALARIS WAT WERKSOEKERS VERWAG OM IN 'N MYN TE VERDIEN

| Verdienste (R.p.m.) | | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Mans | | Vroue | | | |
| | | N | % | N | % | N | % |
| Minder as R39 | N<br>% | | | | | | |
| R40 - 79 | N<br>% | 2 | 5,1 | 1 | 14,3 | 3 | 6,5 |
| R80 - 99 | N<br>% | 1 | 2,6 | 1 | 14,3 | 2 | 4,3 |
| R100 - 119 | N<br>% | 9 | 23,1 | 1 | 14,3 | 10 | 21,7 |
| R120 - 139 | N<br>% | 10 | 25,6 | 1 | 14,3 | 11 | 23,9 |
| R140 - 159 | N<br>% | 2 | 5,1 | | | 2 | 4,3 |
| R160 - 199 | N<br>% | 2 | 5,1 | 3 | 42,9 | 5 | 10,9 |
| R200 - 249 | N<br>% | 10 | 25,6 | | | 10 | 21,7 |
| R250 - 299 | N<br>% | 1 | 2,6 | | | 1 | 2,2 |
| R300 + | N<br>% | 2 | 5,1 | | | 2 | 4,3 |
| TOTAAL | N | 39 | 100 | 7 | 100 | 46 | 100 |

### 3.4.2 *Houding teenoor werk met pik en graaf*

In KwaNdebele is die bestaande infrastruktuur beperk. Gevolglik bestaan daar 'n behoefte aan 'n infrastruktuur sowel as die moontlikhede om dit te skep.

In 'n poging om vas te stel of die werklose mans en vroue in KwaNdebele bereid sou wees om handearbeid te verrig met die skepping van die basiese infrastruktuur, is 'n paar vrae gevra om hulle gewilligheid te toets.

Soos vroeër gemeld, is al die vrae aan die nie-werkendes gestel. Volgens tabel 3.22 het 51 (69 %) mans en 31 (29 %) vroue hulle gewillig verklaar om onder sekere omstandighede op die pad te werk teenoor 39 (52 %) mans en 9 (11,8 %) vroue wat in 'n myn sou werk onder sekere omstandighede. Die syfers in tabel 3.23 toon die getal wat bereid sou wees om te gaan werk waar damme gebou word. Daar is baie min verskil tussen die syfers in tabel 3.22 en 3.23.

Daar is egter 'n duidelike verskil tussen hierdie tipe werk aan die een kant en mynwerk (tabel 3.19) aan die ander kant. In die geval van die mans is 31 % minder mans bereid om sonder voorbehoud in 'n myn te werk terwyl dit byna 90 % in die geval van die vroue is.

Om vas te stel of daar 'n graadverskil is in die weerstand teen sekere werk, is ook gevra of hulle belang sou stel indien die vergoeding verbonde aan die werk goed is en indien hulle lewensomstandighede hulle daartoe sou verplig om die werk te aanvaar. Op al die betrokke vrae het die oorgrote meerderheid óf ja óf nee geantwoord en slegs 'n klein groepie was bereid om onder sekere omstandighede die voorgestelde werk te doen. Die respondent wat aangedui het dat hulle onder geen omstandighede bereid sou wees om sodanige werk te doen nie, het nie die vrae oor verwagte verdienste beantwoord nie.

Net die persone wat negatief geantwoord het, moes redes vir hulle houding verstrek. In tabel 3.24(a) en (b) dui al die redes daarop dat die werk as 'n harde of swaar werk beskou word. Dit is opvallend dat nie een respondent klagtes oor die vergoeding gehad het nie. Die vereiste salaris wat die mense vir mynwerk gestel het, is hoër as dié wat hulle vir padwerk

TABEL 3.22

GEWILLIGHEID OM OP 'N PAD TE WERK

| Houding | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Ja, sonder voorbehoud | 39 | 52,7 | 19 | 17,8 | 58 | 32,0 |
| As hulle goed betaal | 8 | 10,8 | 9 | 8,4 | 17 | 9,4 |
| Net as ek honger ly | 4 | 5,4 | 3 | 2,8 | 7 | 3,9 |
| Glad nie | 23 | 31,1 | 76 | 71,0 | 99 | 55,7 |
| TOTAAL | 74 | 100 | 107 | 100 | 181 | 100 |

TABEL 3.23

GEWILLIGHEID OM BY 'N DAM TE WERK

| Houding | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | N | % | N | % | N | % |
